



Agri SA




Legal information document Regsinsligtingsdokument

Compiled: Centre of Excellence: Rural Safety
Saamgestel: Sentrum van Uitnemendheid: Landelike Beveiliging

November 2021



от факторов и в зависимости
места применения и его
нового года используются и
технологические новаторские решения
удовлетворения сферой и
сферой стимулирования
применения одного класса
сферой факторов применения
таблица, определяющая порядок
применения. В ином году факторы
повторяются, которые могут быть
- также используются данные в
бюджет, от факторов. Обозначены



INDEX | INHOUDSOPGAWE

4	Disclaimer Vrywaring
5	Constitutional rights Grondwetlike regte
8	Rights of arrested person Regte van gearresteerde persoon
9	Right to effect a private arrest Reg om 'n private arrestasie uit te voer
10	Unlawful arrest and remedies Onregmatige arrestasie en regsmiddele
12	Self-defence and the use of force Selfverdediging en die gebruik van geweld
13	Trespassing Betreding
14	Unlawful occupation of land Onregmatige besetting van grond
16	Fire protection Brandbeskerming
19	The right to strike and lock-out Reg om te staak of uit te sluit
21	Neighbour law: Fences Burewet: Omheining
22	Illegal hunting with dogs Onwettige jag met honde
24	Protection of personal information Beskerming van persoonlike inligting
26	Grave visits Grafbesoeke
27	Farm watch Plaaswag
28	The use and regulations of surveillance cameras Die gebruik en regulering van waarnemingskameras



DISCLAIMER BACKGROUND

VRYWARING AGTERGROND

DISCLAIMER

Although everything possible is done to ensure the correctness of this information, Agri SA does not guarantee the accuracy thereof and accepts no liability concerning the information contained herein.

BACKGROUND

The Centre of Excellence: Rural Safety, at the request of its members, decided to compile the legal information document with the assistance of MacRobert Attorneys. The document deals only with certain aspects that members encounter on a daily basis. The information in this document should not be regarded as legal advice but rather as general guidelines that can be used as background. If further details are required or if members are unsure about the appropriate action, they should consult their legal advisor.

VRYWARING

Alhoewel alle moontlike sorg toegepas is om die korrektheid van hierdie inligting te verseker, waarborg Agri SA nie die korrektheid van die inligting nie, en word Agri SA hiermee gevrywaar van enige aanspreeklikheid rondom die inligting hierin vervat.

AGTERGROND

Die Sentrum van Uitnemendheid: Landelike Beveiliging het op versoek van sy lede besluit om die regsinsligtingsdokument met behulp van sy prokureurs, MacRobert Prokureurs, saam te stel. Die dokument hanteer slegs enkele aspekte waarmee lede op 'n daaglikse basis te make het. Die inligting in die dokument moet nie as regsadvies beskou word nie maar verskaf slegs breë riglyne wat as agtergrond gebruik kan word. Indien meer besonderhede verlang word of indien daar twyfel bestaan by die lid oor 'n gepaste optrede, moet die lid sy regsverteenvoerder daarvoor raadpleeg.



CONSTITUTIONAL RIGHTS

GRONDWETLIKE REGTE



APPLICABLE LEGISLATION

- The Constitution of the Republic of South Africa, 1996

BILL OF RIGHTS (CHAPTER 2)

Section 9:

Equality – everyone is to be treated equally before the law and to be protected against any discrimination.

Section 10:

Dignity – the right to have a person's dignity respected and protected.

Section 11:

Life – the right to life is an unqualified and the most fundamental of all human rights.

Section 12:

Freedom and security – includes the right not to be deprived of freedom without just cause.

Section 13:

Against slavery, servitude and forced labour.

Section 14:

Privacy – right to protection of personal information, partially regulated by the POPI Act.

Section 15:

Freedom of religion, belief and opinion – the right to express and practice a person's religion or beliefs and to not be prosecuted for their religion or belief.

Section 16:

Freedom of expression – includes freedom of the press and other media, freedom to receive or impart information or ideas, freedom of artistic expression and academic freedom.

Section 17:

Assembly, demonstration, picket and petition – the right to peacefully and unarmed, assemble, demonstrate, picket and present petitions.

Section 18:

Freedom of association – freedom to associate with any person, club, association or group of people.

Section 19:

Political rights – right to form a political party, participate and campaign for a political party or cause.

Section 20:

Citizenship – no citizen may be deprived of his/her citizenship.

TERSAAKLIKE WETGEWING

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

HANDVES VAN REGTE (HOOFSTUK 2)

Artikel 9:

Gelykheid – elkeen het die reg op gelyke behandeling en die reg op beskerming teen enige diskriminasie.

Artikel 10:

Menswaardigheid – die reg op respek vir en beskerming van 'n persoon se waardigheid.

Artikel 11:

Lewe – die reg op lewe is onvoorwaardelik en mees fundamenteel van alle menseregte.

Artikel 12:

Vryheid en sekuriteit – dit sluit in die reg van 'n persoon om nie sonder grondige rede ontnem te word van sy/haar vryheid nie.

Artikel 13:

Beskerming teen slawerny, knegskap of dwangarbeid.

Artikel 14:

Privaatheid – die reg op beskerming van persoonlike inligting, soos gedeeltelik geregleer deur die POPI-wetgewing.

Artikel 15:

Vryheid van geloof, oortuiging en mening – 'n persoon se reg om sy/haar geloof en oortuigings uit te leef en om nie vervolgt te word vir sodanige geloof of oortuigings nie.

Artikel 16:

Vryheid van spraak – dit sluit in vryheid van die pers en ander media; vryheid om inligting of idees te ontvang en oor te dra; vryheid van artistieke kreatiwiteit; en akademiese vryheid.

Artikel 17:

Vergadering, betoging, linievorming en petisie – die reg om vreedsaam en ongewapen te vergader, te betoog, 'n betooglinie te vorm en petisies voor te lê.

Artikel 18:

Vryheid van assosiasie – vryheid om met enige persoon, klub, vereniging of groep mense te assosieer.

Artikel 19:

Politieke regte – die reg om 'n politieke party te stig; om deel te neem aan sodanige party se bedrywighede en om die party se saak te bevorder.

Artikel 20:

Burgerskap – geen burger mag van sy/haar burgerskap ontnem word nie.

Section 21:

Freedom of movement and residence – everyone has the right to freely move within the Republic and leave the Republic.

Section 22:

Freedom of trade, occupation and profession – the right to choose a person's trade, occupation or profession.

Section 23:

Labour relations – right to form a trade union, strike, join an employer's organisation.

Section 24:

Environment – right to an environment that is not harmful to their health (regulated by legislation such as NEMA, NWA, Conservation of Agricultural Resources Act (CARA) and many others).

Section 25:

Property – no one is allowed to be deprived of property except in terms of the law of general application.

Section 26:

Housing – the right to adequate housing and the right against unlawful evictions.

Section 27:

Health care, water and social security – the right to health care services, including reproductive care, food and water, social security and emergency treatment.

Section 28:

Children's rights – the best interests of a child are of paramount importance in every matter concerning the child. Children have a comprehensive list of rights in terms of Section 28(1).

Section 29:

Education – everyone has the right to a basic education (grade 12) and further education, which the state must make progressively available and accessible.

Section 30:

Language and culture – a person has the right to use the language and participate in the cultural life of choice.

Section 31:

Cultural, religious and linguistic communities – persons belonging to cultural, religious or linguistic community may not be denied the right to enjoy their culture, practice their religion and use their language of preference.

Section 32:

Access to information (regulated by PAIA) – the right to access any information held by the state or any person which information is required for the protection or exercise of any rights.

Artikel 21:

Vryheid van beweging en verblyf – elkeen het die reg op vryheid van beweging binne die Republiek en die reg om die Republiek te verlaat.

Artikel 22:

Vryheid van bedryf, beroep en professie – 'n persoon se reg om vrylik 'n bedryf, beroep of professie te kies.

Artikel 23:

Arbeidsverhoudinge – die reg om 'n vakbond te stig, om te staak, en om by 'n werkgewersorganisasie aan te sluit.

Artikel 24:

Omgewing – 'n persoon se reg op 'n omgewing wat nie skadelik vir sy/haar gesondheid is nie (gereguleer deur wetgewing soos die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (NEMA), die Nasionale Waterwet (NWA), die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne (CARA) en vele ander).

Artikel 25:

Eiendom – niemand mag ontnem word van sy/haar eiendom nie behalwe ingevolge 'n algemeen geldende regsvoorskrif.

Artikel 26:

Behuising – die reg op toegang tot geskikte behuising en beskerming teen onwettige uitsetting.

Artikel 27:

Gesondheidsorg, water en maatskaplike sekerheid – die reg op toegang tot gesondheidsorgdienste, met inbegrip van reprodktiewe gesondheidsorg, voedsel en water, maatskaplike bystand en noodbehandeling.

Artikel 28:

Kinderregte – 'n kind se beste belang is deurslaggewend in elke geleentheid wat die kind raak. Kinders het 'n omvattende lys regte ingevolge artikel 28(1).

Artikel 29:

Onderwys – elkeen het die reg op basiese onderwys (graad 12) en verdere onderwys wat die staat in 'n toenemende mate beskikbaar en toeganklik moet maak.

Artikel 30:

Taal en kultuur – 'n persoon het die reg om die taal van sy/haar keuse te gebruik en om deel te neem aan die kulturele lewe wat hy/sy verkies.

Artikel 31:

Kultuur-, godsdienst- en taalgemeenskappe – persone wat behoort aan kultuur-, godsdienst- of taalgemeenskappe mag nie die reg ontsê word om hul kultuur en godsdienst uit te oefen en die taal van hul keuse te gebruik nie.

**Section 33:**

Just administrative action (regulated by PAJA) - the right to administrative action which is lawful, reasonable and procedurally fair.

Section 34:

Access to courts - the right to have any dispute that can be resolved by the application of law decided in a fair public hearing before a court, or independent and impartial tribunal or forum.

Section 35:

Arrested, detained and accused persons - see discussed later in this document under the 'Rights of arrested persons' section.

Section 36:

Limitation clause - the rights in the Bill of Rights may be limited in terms of the law of general application, "to the extent that the limitation is reasonable and justifiable in an open and democratic society based on human dignity, equality and freedom".

KEY POINTS

- The rights contained in the Bill of Rights apply to all people living with the Republic of South Africa and binds all persons, the legislature, the executive and the judiciary and all organs of state.
- The rights contained in the Bill of Rights may only be limited in terms of Section 36 in terms of the law of general application to the extent that the limitation is reasonable and justifiable in an open and democratic society based on human dignity, equality and freedom.

Artikel 32:

Toegang tot inligting (gereguleer deur PAIA) - die reg op toegang tot enige inligting wat deur die staat of enige persoon gehou word en welke inligting benodig word vir die uitoefening of beskerming van enige regte.

Artikel 33:

Regverdige administratiewe optrede (gereguleer deur PAJA) - die reg op administratiewe optrede wat regmatig, redelik en prosedureel billik is.

Artikel 34:

Toegang tot hof - die reg om enige geskil wat deur die toepassing van die reg besleg kan word, in 'n billike openbare verhoor voor 'n hof, of 'n onafhanklike en onpartydige tribunaal of forum, te laat beslis.

Artikel 35:

Gearresterde, aangehoue en beskuldigde persone - verwys na die bespreking later in hierdie dokument onder die opskrif 'Regte van gearresterde persone'.

Artikel 36:

Beperking van regte - die regte in die Handves van Regte kan slegs beperk word kragtens 'n algemeen geldende regsvoorskrif "in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid".

SLEUTELPUNTE

- Die regte in die Handves van Regte is van toepassing op almal wat in die Republiek van Suid-Afrika woon en is bindend op alle persone, die wetgewer, die uitvoerende gesag en die regbank, en alle organe van die staat.
- Die regte soos uiteengesit in die Handves van Regte kan slegs beperk word ingevolge artikel 26 kragtens 'n algemeen geldende regsvoorskrif in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid.



RIGHTS OF ARRESTED PERSONS

REGTE VAN GEARRESTEERDE PERSONE



APPLICABLE LEGISLATION

- The Constitution of the Republic of South Africa, 1996
- Criminal Procedure Act 51 of 1977
- Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act 32 of 2007
- The Children's Act 41 of 2007

ARRESTED PERSONS HAVE THE RIGHT TO

- be informed of the charge(s) the accused has been charged with (in a language that the person understands);
- remain silent (apart from the obligation to state his/her name and address);
- be brought before a court as soon as possible and no later than 48 hours after the arrest (Saturday and Sunday excluded) – children aged 14 to 18 may not be detained for more than 24 hours before being brought before a court;
- apply to the South African Police Service (SAPS) to be released on bail, or warning to appear in court – police bail is for less serious offences;
- consult with a legal practitioner or if the person cannot afford to appoint one, to have a legal practitioner assigned by the State (only persons with a monthly earning of less than R8 000.00 will qualify for this assistance);
- challenge the lawfulness of the detention in person before a court and to be released if detention is determined to be unlawful;
- a fair trial; and
- be informed of all of your rights as an arrested person in a language that they understand.

ARREST

- A SAPS officer may effect a lawful arrest and lawfully detain a suspect without an arrest warrant if he/she witnesses a person committing an offence or has probable cause to believe that a person was involved in the commission of a crime.

TERSAAKLIKE WETGEWING

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
- Die Strafproseswet 51 van 1977
- Wysigingswet op die Strafbreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 32 van 2007
- Die Kinderwet 41 van 2007

GEARRESTEERDE PERSONE HET DIE REG

- om verwittig te word van die aanklagte teen hom/haar (in 'n taal wat die persoon verstaan);
- om te swyg (benewens die verpligting om sy/haar naam en adres bekend te maak);
- om so spoedig moontlik voor die hof gebring te word, maar die later nie as 48 uur ná arrestasie (Saterdag en Sondag uitgesluit) – kinders tussen die ouderdom van 14 en 18 mag nie vir langer as 24 uur aangehou word voordat hulle voor 'n hof gebring word nie;
- om 'n aansoek te rig tot die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) om op borgtog vrygelaat te word, of bloot met 'n waarskuwing om in die hof te verskyn – polisieborgtog is vir minder ernstige oortredings;
- om met 'n regsverteenwoordiger te beraadslaag, of indien die persoon nie een kan bekostig nie, die reg tot 'n regspraktisyn aangestel deur die staat (slegs persone met 'n maandelikse inkomste van minder as R8 000 sal kwalifiseer vir regshulp);
- om die regmatigheid van aanhouding persoonlik in die hof te betwis en om vrygelaat te word indien aanhouding as onregmatig bevind word;
- tot 'n regverdige verhoor; en
- ingelig te word oor al sy/haar regte as 'n gearresteerde persoon in 'n taal wat hy/sy verstaan.

ARRESTASIE

- 'n SAPD-beampte mag 'n wettige arrestasie uitvoer en 'n verdagte wettig aanhou sonder 'n lasbrief indien hy/sy 'n ooggetuie was toe 'n persoon die wet oortree het of 'n redelike vermoede het dat 'n persoon betrokke was in die pleeg van 'n misdaad.



RIGHT TO EFFECT A PRIVATE ARREST

DIE REG OM 'N PRIVATE ARRESTASIE UIT TE VOER

APPLICABLE LEGISLATION

- The Constitution of the Republic of South Africa, 1996
- Criminal Procedure Act 51 of 1977 (CPA)

PRIVATE ARREST

- Section 42 of the Criminal Procedure Act provides that any private person may arrest any person without a warrant – if that person has witnessed the suspect:
 - committing or attempting to commit an offence in his/her presence; or
 - whom he/she reasonably suspects of having committed an offence referred to in schedule 1 of the CPA (i.e. treason, sedition, public violence, murder, culpable homicide, rape, sexual assault, trafficking in persons, bestiality, robbery, kidnapping, assault, arson, malicious damage to property, breaking and entering, theft, receiving stolen property, fraud, forgery, conspiracy and torture).
- Any owner or lawful occupier of property may, without a warrant, arrest a person found on the property for:
 - house breaking;
 - trespassing (but not unlawful occupation);
 - malicious injury to property;
 - robbery;*
 - rape;
 - murder;
 - arson;
 - assault with intent to do grievous bodily harm;
 - indecent assault.
- The use of force necessary to detain the suspect must be reasonable and necessary, it may not be excessive in the circumstances and must be avoided or limited as far as possible.
- The person arrested shall have the rights listed in the section titled "Rights of arrested persons"

TERSAAKLIKE WETGEWING

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
- Die Strafproseswet 51 van 1977 (CPA)

BURGERLIKE ARRESTASIE

- Ingevolge artikel 42 van die Strafproseswet, mag enige private persoon 'n arrestasie sonder 'n lasbrief uitvoer indien daardie persoon:
 - teenwoordig was toe die verdagte besig was om 'n misdaad te pleeg of probeer het om 'n misdaad te pleeg; of
 - 'n redelike vermoede gehad het dat 'n misdaad, soos na verwys in skedule 1 van die Strafproseswet, gepleeg was (d.w.s. verraad, sedisie, openbare geweld, moord, strafbare manslag, verkragting, seksuele aanranding, handeldryf in persone, bestialiteit, roof, menseroof, aanranding, brandstigting, kwaadwillige saakbeskadiging, huisbraak, diefstal, ontvangs van gesteelde goedere, bedrog, vervalsing, sameswering en marteling).
- Enige eienaar of wettige bewoner van 'n eiendom mag sonder 'n lasbrief 'n persoon wat hy/sy op die eiendom vind arresteer vir:
 - huisbraak;
 - betreding (maar nie onwettige bewoning nie);
 - kwaadwillige beskadiging van eiendom;
 - roof;
 - verkragting;
 - moord;
 - brandstigting;
 - aanranding met die doel om ernstig te beseer;
 - onsedelike aanranding.
- Die gebruik van geweld om die verdagte te arresteer moet redelik en nodig wees. Dit mag nie uitermatig in die omstandighede wees nie en moet vermy of beperk word so ver as moontlik.
- Die persoon wat gearresteer word se regte word uiteengesit onder die opskrif "Regte van gearresteerde persone".



UNLAWFUL ARREST AND REMEDIES

ONREGMATIGE ARRESTASIE EN REGSMIDDELE

APPLICABLE LEGISLATION

- The Constitution of the Republic of South Africa, 1996
- Criminal Procedure Act 51 of 1977

UNLAWFUL ARREST


- An arrest is unlawful if it does not comply with legal requirements for arrest, such as:
 - The arresting officer made use of excessive force;
 - An arresting officer's failure to inform an accused person of their rights once detained; and
 - Arrest made without a warrant or without a reasonable suspicion that the person had committed an offence.
- Should you or a family member be unlawfully arrested, it is advisable to comply with the officer's instructions, despite it being unlawful.
- Upon arrest it is important not to unreasonably resist the officer's instructions.
- You may exercise your right to remain silent as anything you say may be used in evidence against you in court. It may be in your best interest to provide information which will remove suspicion against you.
- You have the right to call a legal practitioner of your choice, it is advised to promptly contact your legal representative in the event that you are being detained and you have been informed of the charge(s) against you.
- The reason for your arrest must be explained to you at the time of your arrest.
- The main purpose of an arrest is to ensure that the suspect is brought before a court to be charged, tried and convicted or acquitted, the arrest may be used as part of the investigation in order to secure the evidence needed.
- An arrest may be made in order to facilitate further investigation of the alleged charges. If the object of the arrest is to punish, inconvenience or reprimand you without the arresting officer having the intention of bringing you before a court, the arrest is unlawful.
- Remember that you are entitled to communicate and be visited by your spouse or next of kin (e.g. your parents), a religious counsellor of your choice and your attorney and medical practitioner.

TERSAAKLIKE WETGEWING

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
- Die Strafproseswet 51 van 1977

ONREGMATIGE ARRESTASIE

- 'n Arrestasie is onregmatig indien dit nie voldoen aan die regsvoorskrifte vir arrestasie nie, bv.:
 - Die arresterende beampte het uitermatige dwang toegepas;
 - 'n Arresterende beampte het versuim om die aangeklagte te verwittig van sy/haar regte nadat hy/sy aangehou is; en
 - Arrestasies wat uitgevoer word sonder 'n lasbrief of sonder 'n redelike vermoede dat die persoon 'n misdryf gepleeg het.
- Indien jy of 'n lid van jou gesin onregmatig gearresteer word, is dit raadsaam om die beampte se bevel uit te voer ongeag of die arrestasie onregmatig is.
- Tydens arrestasie is dit belangrik om nie die beampte se bevel onredelik teë te staan nie.
- Jy mag jou reg tot stilswye uitoefen omdat enigiets wat jy sê teen jou gebruik kan word in die hof. Dit mag in jou beste belang wees om inligting te voorsien wat enige vermoede van skuld kan uitskakel.
- Jy het die reg om 'n regsverteenwoordiger van jou keuse te skakel. Dit is raadsaam om so spoedig moontlik jou regsverteenwoordiger te kontak indien jy aangehou word en ingelig is oor die aanklagte teen jou.
- Die rede vir jou arrestasie moet aan jou verduidelik word ten tye van jou arrestasie.
- Die hoofdoel van 'n arrestasie is om te verseker dat die verdagte in die hof verskyn om aangekla, verhoor en skuldig of onskuldig bevind te word. Die arrestasie mag gebruik word as deel van die ondersoek ten einde die bewyse wat benodig word te verkry.
- 'n Arrestasie mag uitgevoer word met die oog op 'n verdere ondersoek ten opsigte van die klagtes. Indien die doel van die arrestasie is om jou te straf, te verontrief of te berispe sonder dat die arresterende beampte enigsins van plan is om jou voor 'n hof te bring, is die arrestasie onregmatig.
- Onthou dat jy daarop geregtig is om met jou gade of naasbestaandes (bv. jou ouers), 'n geloofsberader van jou keuse, jou prokureur of 'n mediese praktisyn te kommunikeer en deur hulle besoek te word.




REMEDIES

- In the event a person has been unlawfully arrested, they may contact a legal practitioner to determine whether they may have a claim for compensation.
- The minister will be liable to compensate a person who was unlawfully arrested which led to injury or unreasonably long detention without valid grounds.
- The claim for compensation is calculated for past and future medical expenses, past and future loss of income and general damages related to loss of freedom, dignity and suffering.
- Below is important information to retain regarding the details of the arrest in order to institute a claim for compensation, in the event of an unlawful arrest:
 - The police officer's name, badge number and rank;
 - Date and time of the arrest;
 - Any witnesses present; and
 - Record of expenses due to the arrest or detention, including loss of income and medical expenses.

REGSMIDDELE

- 'n Persoon wat onregmatig gearrester is, mag 'n regspraktisyn nader om te bepaal of hy/sy moonlik kan eis vir vergoeding.
- Die minister sal daarvoor aanspreeklik gehou word om vergoeding te betaal aan 'n persoon wat onregmatig gearrester was en waar sodanige arrestasie gelei het tot 'n besering of onredelike lang aanhouding sonder geldige redes.
- Die eis vir vergoeding word bereken vir vorige en toekomstige mediese uitgawes, vorige en toekomstige verlies aan inkomste en algemene skade met betrekking tot pyn en lyding, en verlies aan vryheid en waardigheid.
- Die volgende is belangrike inligting met betrekking tot die besonderhede van die arrestasie wat gebruik kan word om vergoeding te eis in die geval van 'n onregmatige arrestasie:
 - Die polisiebeampte se naam, kenteken-nommer en rang;
 - Datum en tyd van die arrestasie;
 - Enige getuies wat teenwoordig was; en
 - Rekord van uitgawes wat aangegaan is as gevolg van die arrestasie of aanhouding, met inbegrip van verlies aan inkomste en mediese uitgawes.



SELF-DEFENCE AND THE USE OF FORCE

SELVERDEDIGING EN DIE GEBRUIK VAN GEWELD

APPLICABLE LEGISLATION

- The Constitution of the Republic of South Africa, 1996
- Criminal Procedure Act 51 of 1977

SELF-DEFENCE AND THE USE OF FORCE

- The right regarding the use of force to defend one's person or property is primarily governed by the common law.
- The right to self-defence is measured on the principle of proportionality – the defensive act may not be more harmful than necessary to prevent an imminent or on-going attack.
- If excessive force is used to defend one's person or property it can result in a charge of assault or attempted murder against you.
- To qualify as an act of self-defence and therefore be a lawful use of force, you must be able to show:

That the attack:

- has commenced or was imminent;
- was against a lawfully recognised interest (i.e. one's person, property or an innocent third party); and
- was unlawful.

That the defensive act was:

- necessary to prevent or stop the attack;
- a reasonable use of force; and
- directed against the attacker.
- It is unlawful to take the life of an attacker unless it is absolutely necessary to protect oneself or an innocent third party from serious bodily harm.
- It is unlawful to use deadly force to protect one's property (i.e. when the threat does not endanger a person),

TERSAAKLIKE WETGEWING

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
- Die Strafproseswet 51 van 1977

SELVERDEDIGING EN GEBRUIK VAN GEWELD

- Die reg tot geweldpleging om jou persoon of eiendom te verdedig word hoofsaaklik gereguleer deur die gemenereg.
- Die reg op selfverdediging word gemeet aan die beginsel van proporsionaliteit – optrede ter selfverdediging mag nie meer aggressief wees as wat nodig is om 'n dreigende of voortgesette aanval teen jou af te weer nie.
- Indien jy uitermatige geweld gebruik om jou persoon of eiendom te verdedig, kan dit 'n aanklag van aanranding of poging tot moord teen jou tot gevolg hê.
- Om te kwalifiseer as selfverdediging en dus 'n regmatige gebruik van geweld, moet jy die volgende kan toon:

Dat die aanval:

- reeds 'n aanvang geneem het of op hande was;
- geloods was teen 'n wettig erkende belang (d.w.s. jou persoon, eiendom of 'n onskuldige derde party); en
- onwettig was.

Dat jou optrede:

- nodig was om die aanval te verhoed of te stuit;
- 'n redelike mate van geweld behels het; en
- teen die aanvaller gemik was.
- Dit is onwettig om die lewe van 'n aanvaller te neem tensy dit absoluut noodsaaklik was om jouself of 'n onskuldige derde party teen ernstige besering te beskerm.
- Dit is onwettig om dodelike geweld te gebruik om jou eiendom te beskerm (d.w.s. wanneer die bedreiging nie 'n gevaar vir die persoon inhou nie).

TRESPASSING | BETREDING

APPLICABLE LEGISLATION

- The Constitution of the Republic of South Africa, 1996
- Trespass Act 6 of 1959
- Extension of Security of Tenure Act 62 of 1997

TRESPASSING

- The Trespass Act provides guidelines and sanctions regarding the lawful and unlawful access to land, buildings and property.
- The Act determines that any person who, without permission from the lawful occupier, owner or person in charge, enters such property shall be guilty of an offence unless the person has a lawful reason to enter such property (i.e. a police officer with a warrant).
- Any person who is entitled to be on the land in terms of the Extension of Security of Tenure Act shall be deemed to have lawful reason to enter and be upon such property.
- Any person convicted of such an offence shall be liable to a fine not exceeding R2 000,00 or imprisonment for a period not exceeding two years or both.
- Trespassers may be arrested and removed from the property by the SAPS or the owner or lawful occupier in charge of the property.
- Important to note that an unlawful occupier is not a trespasser and the law relating to unlawful occupiers is governed by the Prevention of Illegal Evictions and the Unlawful Occupation of Land Act.

TERSAAKLIKE WETGEWING

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
- Die Wet op Oortreding 6 van 1959
- Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg 62 van 1997

BETREDING

- Die Wet op Oortreding maak voorsiening vir riglyne en sanksies rakende wettige en onwettige toegang tot grond, geboue en eiendom.
- Die Wet bepaal dat enige persoon wat sonder die toestemming van die regmatige bewoner, eienaar of persoon in beheer van die eiendom, sodanige eiendom betree skuldig sal wees aan 'n oortreding tensy die persoon 'n wettige rede gehad het om die eiendom te betree (d.w.s. polisiebeampte met 'n lasbrief).
- Enige persoon wat daarop geregtig is om op die grond te wees ingevolge die Wet op die Uitbreiding van Verblyfsekerheid, sal geag word as iemand met 'n wettige rede om sodanige eiendom te betree en daar te wees.
- Enige persoon wat skuldig bevind word aan sodanige oortreding sal aanspreeklik wees vir 'n boete van hoogstens R2 000,00 of tronkstraf van hoogstens twee jaar, of beide.
- Betreders kan gearresteer word en van die eiendom verwyder word deur die SAPD of die eienaar of regmatige bewoner in beheer van die eiendom.
- Dit is belangrik om daarop te let dat 'n regmatige bewoner nie 'n betreder is nie en dat die wet rakende onwettige bewoners gereguleer word deur die Wet op die Voorkoming van Onwettige Uitsetting en Onregmatige Besetting van Grond.



UNLAWFUL OCCUPATION OF LAND

ONREGMATIGE BESETTING VAN GROND

APPLICABLE LEGISLATION

- The Constitution of the Republic of South Africa, 1996
- The Prevention of Illegal Evictions and the Unlawful Occupation of Land Act 19 of 1998 ("PIE")
- Extension of Security of Tenure Act 62 of 1997
- The Land Reform (Labour Tenants) Act 3 of 1996

UNLAWFUL OCCUPATION OF LAND AND EVICTION

- An unlawful occupier is defined by section 1 of the PIE Act as: "a person who occupies land without the express or tacit consent of the owner or person in charge, or without any other right in law to occupy such land, excluding a person who is an occupier in terms of the Extension of Security of Tenure Act, 1997 and excluding a person whose informal right to land, but for the provisions of this Act, would be protected by the provisions of the Interim Protection of Informal Land Rights Act, 1996".
- Such a person or persons may only be evicted from the property in terms of a court order granted by a competent court.
- Evictions that occur without a court order are unlawful and a person who conducts an illegal eviction will commit a criminal offence in terms of section 8(3) of the PIE Act and liable to a fine or imprisonment up to two years.
- An owner who locks the gates or doors to a property or takes any action that limits the occupier(s) use and enjoyment of the property, without a court order, is guilty of spoliation. This means the occupier(s) can obtain an urgent court order for use and possession to be restored (despite it being unlawful), pending a proper eviction application to be brought by the owner.
- Owners who have unlawful occupier(s) on their property should not take the law into their own hands and try to evict the occupiers without a court order. An attorney should be consulted to assist with the legal process.
- An eviction application can be a complicated and long process, and the court will consider various factors when deciding to grant the application, such as:
 - The occupiers' right to occupy (if any);
 - Whether the unlawful occupier(s) have occupied the property for more or less than six months;
 - Whether alternative land is available by a municipality for the relocation of the occupier(s);

TERSAAKLIKE WETGEWING

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
- Die Wet op die Voorkoming van Onwettige Uitsetting en Onregmatige Besetting van Grond 19 van 1998 ("PIE")
- Die Wet op die Uibreiding van Verblyfsekerheid 62 van 1997
- Die Wet op Grondhervorming (Huurarbeiders) 3 van 1996

ONREGMATIGE BESETTING VAN GROND EN UITSETTING

- 'n Onregmatige bewoner word omskryf in artikel 1 van die PIE-wet as 'n persoon wat grond beset sonder die uitdruklike of stilswyende toestemming van die eienaar of persoon in beheer, of sonder enige reg kragtens die wet om sodanige grond te beset, uitsluitend 'n persoon wat 'n bewoner is ingevolge die Wet op die Uitbreiding van Verblyfsekerheid, 1997, asook 'n persoon wie se informele reg tot grond ingevolge die bepalings van die Interimwet op die Beskerming van Informele Grondregte van 1996 beskerm sou gewees het as dit nie was vir hierdie Wet nie.
- Sodanige persoon of persone mag slegs uitgesit word ingevolge 'n hofbevel uitgereik deur 'n bevoegde hof.
- Uitsettings wat geskied sonder 'n hofbevel is onwettig en 'n persoon wat sodanige uitsetting uitvoer sal skuldig wees aan 'n kriminele oortreding ingevolge artikel 8(3) van die PIE-wet en blootgestel aan 'n boete of tronkstraf van tot twee jaar.
- 'n Eienaar wat hekke of deure tot 'n eiendom sluit of wat stappe neem om die bewoner(s) se gebruik en genot van die eiendom sonder 'n hofbevel te beperk, sal skuldig wees aan spolië/besitsonttrekking. Dit beteken dat die bewoner(s) 'n dringende hofbevel kan verkry vir herstel van die gebruik- en verblyfsreg (ten spyte daarvan dat dit onwettig is), hangende 'n behoorlike aansoek deur die eienaar vir uitsetting.
- Eienaars wat onregmatige bewoners op hul eiendom het moet nie die reg in eie hande neem en probeer om die bewoners sonder 'n hofbevel uit te sit nie. 'n Prokureur moet geraadpleeg word vir hulp met die regsproses.
- 'n Uitsettingsaansoek kan ingewikkeld en 'n lang proses wees, en die hof sal verskeie faktore oorweeg wanneer 'n besluit gemaak word om die aansoek toe te staan, naamlik:
 - Die bewoner se reg om op die eiendom te woon (indien enige);
 - Of die onregmatige bewoner(s) ongeveer ses maande op die eiendom gewoon het;
 - Of daar alternatiewe grond by die munisipaliteit beskikbaar is vir die hervestiging van die bewoner(s);

- Rights and needs of the elderly, children, disabled persons and households headed by women; and
- Whether eviction would be just and equitable.

- Die regte en behoeftes van ouer persone, kinders, gestremdes en huishoudings met vroue as hoof; en
- Of uitsetting regverdig en billik sal wees.



FIRE PROTECTION

BRAND- BESKERMING

APPLICABLE LEGISLATION

- Section 24(b) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996
- Fire Brigade Services Act 99 of 1987
- National Veld and Forest Fire Act 101 of 1998

FIRE PROTECTION

- The National Veld and Forest Fire Act was enacted to provide regulation and guidance in relation to the law on veld and forest fires.
- Property owners may form or join an association for the purpose of predicting, preventing and managing veldfires.
- Only one fire association may be registered per area; ordinarily the registered association will operate within the local municipality's jurisdiction.
- Any occupier of state-owned land, must join the fire association in that area.
- Every owner on whose land veldfires may start or spread from, must prepare and maintain a firebreak on their boundary between his and any adjoining land.
- An owner must notify the adjoining owners and the fire association on which day they intend to prepare and maintain a firebreak by burning.
- An owner must ensure that their firebreaks:
 - are wide enough and long enough to have a reasonable chance of preventing the spread of the fire;
 - do not cause soil erosion; and
 - every owner or appointed agent on whose land veldfires may start or spread must have such equipment, protective clothing and trained personnel for extinguishing fires and to ensure that there is a responsible person in his absence.

OFFENCES

- Any person who lights, uses or maintains a fire in the open air in contravention of section 10 (2) is guilty of a first category offence.
- Any owner, occupier or person in control of land on which a fire occurs who fails to take reasonable steps to extinguish the fire or to confine it to that land or to prevent it from causing damage to property on adjoining land, is guilty of a first category offence.

TERSAAKLIKE WETGEWING

- Artikel 24(b) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
- Wet op Brandweerdienste 99 of 1987
- Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande 101 van 1998

BRANDBESKERMING

- Die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande maak voorsiening vir die regulering van en riglyne met betrekking tot wetgewing rondom veld- en bosbrande.
- Eienaars mag by 'n vereniging aansluit vir die doel om veldbrande te voorspel, verhoed of te bestuur.
- Slegs een brandbeskermingsvereniging mag geregistreer word per gebied en sodanige vereniging sal gewoonlik binne die plaaslike munisipaliteit se jurisdiksie optree.
- Enige bewoner op staatsgrond moet by die brandweer-vereniging in daardie gebied aansluit.
- Elke eienaar op wie se grond veldbrande kan ontstaan en vanwaar dit kan versprei, moet op die grens tussen sy/haar en enige aangrensende grond brandstroke voorberei en onderhou.
- 'n Eienaar moet die aangrensende eienaars en die brandbeskermingsvereniging in kennis stel van die dag waarop hulle van voorneme is om 'n brandstrook deur middel van brand voor te berei en te onderhou.
- 'n Eienaar moet verseker dat sy/haar brandstroke:
 - wyd genoeg en lank genoeg is om 'n redelike kans te staan om verspreiding van die brand te verhoed;
 - nie gronderosie sal veroorsaak nie; en
 - elke eienaar (of sy/haar agent) op wie se grond veldbrande kan ontstaan of versprei, moet die nodige toerusting, beskermingsklere en opgeleide personeel hê om brande te blus en moet verseker dat 'n verantwoordelike persoon in sy/haar afwesigheid oorneem.

OORTREDINGS

- Enige persoon wat strydig met artikel 10(2) in die opelug 'n vuur aansteek, gebruik of onderhou sal skuldig wees aan 'n eerste-kategorie-oortreding.
- Enige eienaar, bewoner of persoon in beheer van grond waar 'n brand voorkom wat versuim om redelike stappe te neem om die brand te blus of te beperk, of om te verhoed dat dit skade op die aangrensende grond aanrig, is skuldig aan 'n eerste-kategorie-oortreding.

- Any person who, in the open air –
 - leaves unattended a fire which she/he lit, used or maintained before that fire is extinguished;
 - lights, uses or maintains a fire, whether with or without permission of the owner, which spreads and causes injury or damage;
 - throws, puts down or drops a burning match or other burning material or any material capable of spontaneous combustion or self-ignition and, by doing so, makes a fire which spreads and causes injury or damage;
 - lights, uses or maintains a fire in a road reserve;
 - other than in a fireplace; or
 - for a purpose other than the burning of a firebreak; or
 - smokes where smoking is by notice prohibited,

is guilty of a second category offence.

- Any person who –
 - fails to prepare a firebreak when obliged to do so;
 - fails to give notice of intention to burn a firebreak;
 - burns a firebreak when a fire protection association has objected; or
 - fails to inform adjoining owners of the matters referred to in section 12 (5),

is guilty of a second category offence.

- Any person who –
 - fails to meet the standards of readiness for fire-fighting; or
 - refuses to assist a fire protection officer or a forest officer,

is guilty of a second category offence.

- Any person who –
 - prevents a fire protection officer, forest officer, a police officer or an officer appointed in terms of section 5 or 6 of the Fire Brigade Services Act, 1987 (Act No. 99 of 1987), from acting in terms of section 27, 28 or 29; or
 - in any way interferes with him or her in the performance of his or her duties in terms of section 27, 28 or 29,

is guilty of a third category offence.

- Negligence amounts to fault for the purposes of an offence in terms of this section.

- Enige persoon wat in die opelug –
 - 'n vuur wat hy/sy aangesteek, gebruik of onderhou het en versuim het om dit te blus voordat hy/sy die toneel verlaat;
 - 'n vuur aansteek, gebruik of onderhou, met of sonder die toestemming van die eienaar, welke vuur dan versprei en sodoende 'n besering of skade veroorsaak;
 - 'n lewende vuurhoutjie of ander brandende materiaal, of enige materiaal wat self-ontbranding tot gevolg kan hê, laat val of neersit en sodoende veroorsaak dat die brand versprei en lei tot 'n besering of skade;
 - 'n vuur op 'n padreserwe aansteek, gebruik of onderhou;
 - anders as in 'n kaggel vuurmaak; of
 - 'n vuur aansteek vir 'n doel anders as om 'n brandstrook voor te berei; of
 - rook waar 'n kennisgewing aandui dat rook verbode is,

sal skuldig wees aan 'n tweedekategorie-oortreding.

- Enige persoon wat –
 - versuim om 'n brandstrook voor te berei wanneer hy/sy verplig is om dit te doen;
 - versuim om kennis te gee van sy/haar voorneme om 'n brandstrook voor te berei;
 - 'n brandstrook voorberei wanneer 'n brandbeskermingsvereniging beswaar daarteen gemaak het; of
 - versuim om die aangrensende eienaars in te lig oor die aangeleenthede soos na verwys in artikel 12(5),

is skuldig aan 'n tweede-kategorie oortreding.

- Enige persoon wat –
 - versuim om te voldoen aan die standarde vir gereedheid vir brandbestryding; of
 - weier om 'n brandbeskermingsbeampte of bosbeampte behulpsaam te wees,

is skuldig aan 'n tweedekategorie-oortreding.

- Enige persoon wat –
 - verhoed dat 'n brandbeskermingsbeampte, bosbeampte, polisiebeampte of 'n beampte aangestel ingevolge artikel 5 of 6 van die Wet op Brandweerdienste 99 van 1987, hul werk verrig ingevolge artikel 27, 28 of 29; of
 - op enige wyse inmeng wanneer bogenoemde beamptes hul pligte uitvoer ingevolge artikel 27, 28 of 29,

is skuldig aan 'n derdekategorie-oortreding.

- Nalatigheid sal beskou word as skuldig vir doeleindes van 'n oortreding ingevolge hierdie artikel.

PUNISHMENT

- A person who is guilty of an offence in terms of the National Veld and Forest Fire Act 101 of 1998, may be sentenced to payment of a fine or imprisonment. The severity of the sentence will depend on the category of the offence, and whether it is a first or repeat offence.

ARSON

- Arson is a criminal offence that involves deliberately setting a property (or a portion thereof) on fire.
- Whenever you encounter an arson scene, call the local SAPS and keep the area clear, as it is a crime scene.

STRAF

- 'n Persoon wat skuldig bevind word aan 'n oortreding ingevolge die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande 101 van 1998 kan gevonnissen word tot 'n boete of tronkstraf. Die hewigheid van die vonnis sal afhang van die kategorie van die oortreding en of dit 'n eerste of herhaalde oortreding was.

BRANDSTIGTING

- Brandstigting is 'n kriminele oortreding waar 'n eiendom (of gedeelte daarvan) doelbewus aan die brand gestee word.
- Indien jy op 'n brandstigtingstoneel afkom, moet die plaaslike SAPD ingeroep word en die omgewing beveilig word aangesien dit 'n misdaadtoneel is.



THE RIGHT TO STRIKE AND LOCK-OUT

DIE REG OM TE STAAK OF UIT TE SLUIT

APPLICABLE LEGISLATION

- The Constitution of the Republic of South Africa, 1996
- The Labour Relations Act 66 of 1995 (LRA)

THE RIGHT TO STRIKE

- The LRA protects employees' right to strike: a strike will be lawful and protected if the substantive and procedural requirements are met prior to embarking on strike action.
- The right to strike is conveyed on employees for the purposes of resolving a dispute in terms of any matter of mutual interest between the employees and employer.

SUBSTANTIVE REQUIREMENTS (COMMON LAW & SECTION 213)

- There must be a refusal to perform work;
- Undertaken by employees; and
- The refusal to perform must be in order to resolve a matter of mutual interest (i.e wage demands, maternity leave, union rights or better working conditions).

PROCEDURAL REQUIREMENTS (SECTION 64)

- Employers and employees are required to first engage in conciliation or to the bargaining council; if unsuccessful or the matter is referred to the CCMA for 30 days without a resolution, a certificate will be issued indicating that the dispute remains unresolved, which will entitle the employees to strike.
- The trade union which represents a majority of the employees embarking on the strike action must furnish the employer with 48 hours' notice of their intention to strike.
- Employees not members of a trade union who wish to embark on a strike must also abide by the procedural and substantive requirements of the LRA in order for the strike to be protected.

Failure to adhere to the requirements will likely render the strike or lock-out (discussed below) illegal and without the protection afforded by the LRA.

TERSAAKLIKE WETGEWING

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
- Die Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995 (LRA)

DIE REG OM TE STAAK

- Die LRA beskerm werknemers se reg om te staak: 'n staking sal wettig wees en beskerming geniet indien daar voldoen is aan die substantiewe en prosedurele vereistes voordat die staking 'n aanvang neem.
- Die reg om te staak word aan werknemers toegestaan vir die doel om 'n dispuut oor enige aangeleentheid van wedersydse belang tussen werknemers en die werkgewer op te los.

SUBSTANTIEWE VEREISTES (ARTIKEL 213 EN DIE GEMENEREG)

- Daar moet 'n weiering om te werk wees;
- Word onderneem deur werknemers; en
- Die doel van weiering om te werk moet wees om 'n aangeleentheid van wedersydse belang (d.w.s. loonverhogings, kraamverlof, vakbondregte of beter werkstoestande) af te dwing.

PROSEDURELE VEREISTES (ARTIKEL 64)

- Daar word van werkgewers en werknemers verwag om eers aan 'n versoeningsproses deel te neem of om die dispuut na die bedingingsraad te verwys; indien onsuksesvol of waar die dispuut na die KVBA verwys was maar na 30 dae nie opgelos kon word nie, sal 'n sertifikaat uitgereik word wat aandui dat die dispuut steeds onopgelos is, in welke geval die werknemers die reg sal hê om te staak.
- Die vakbond wat die meerderheid werknemers wat wil staak verteenwoordig, moet aan die werkgewer 48 uur kennis gee van hul voorname om te staak.
- Werknemers wat nie lede van 'n vakbond is nie en wat wil staak moet ook voldoen aan die prosedurele en substantiewe vereistes van die LRA vir die staking om as beskermde geag te word.

Versuim om te voldoen aan hierdie vereistes sal waarskynlik die staking of uitsluiting (soos hieronder bespreek) onwettig en onbeskermde ingevolge die LRA maak.

EMPLOYER'S RIGHTS

- An employer may react to striking workers or workers refusing to perform their work by preventing access into the work place entirely or partially (lock-out).
- The employer must give at least 48 hours' notice before the commencement of the lock-out.
- Where the state is the employer in a proposed strike or lock-out at least 7 days' notice must be furnished in writing.

LOCK-OUT PROCEDURE (UNLAWFUL STRIKE ACTION)

- An employer may approach the Labour Court for an interdict or court order to restrain any person from participating in an unlawful or unprotected strike and to order payment of just and equitable compensation for any loss during the unprotected strike.
- The employer may also apply for an order for permission to conduct a lock out.
- The applicant must give the respondent 48 hours' notice of their intention to apply for a court order.

EMPLOYEES' RIGHTS

- An employer who provides accommodation, provision of food and other basic amenities cannot discontinue these provisions or payment of these provisions during a protected strike or lock-out.
- Employees may not be dismissed for participating in a protected strike.
- Employees may be dismissed for their misconduct during a protected strike or to comply with the employer's operational requirements.

WERKGEWERSREGTE

- 'n Werkgewer mag reageer op stakende werkers of werkers wat weier om te werk deur toegang tot die werkplek as geheel of gedeelte daarvan te weier (uitsluiting).
- Die werkgewer moet ten minste 48 uur kennis gee van 'n uitsluiting voordat dit 'n aanvang neem.
- Waar die staat die werkgewer is in die geval van 'n voorgenome staking of uitsluiting, word ten minste 7 dae skriftelike kennisgewing vereis.

UITSLUITINGSPROSEDURE (ONWETTIGE STAKING)


- 'n Werkgewer mag die Arbeidshof nader vir 'n interdik of hofbevel om enige persoon te verhoed om deel te neem aan 'n onwettige of onbeskermdede staking en om die betaling van regverdige en billike vergoeding vir enige verlies wat tydens 'n onbeskermdede staking gely word af te dwing.
- Die werkgewer mag ook aansoek doen om 'n bevel of toestemming vir uitsluiting.
- Die aansoeker moet aan die respondent 48 uur kennis gee van hul voorname of aansoek te doen vir 'n hofbevel.

WERKNEMERSREGTE

- 'n Werkgewer wat behuising, voedsel en ander basiese geriewe bied mag nie die werknemer sodanige voordele of betalings ontsê tydens 'n beskermde staking of uitsluiting nie.
- Werknemers mag nie afgedank word weens hul deelname aan 'n beskermde staking nie.
- Werknemers mag wel afgedank word indien hulle skuldig is aan wangedrag tydens 'n beskermde staking of versuim om te voldoen aan die werkgewer se operasionele vereistes.

NEIGHBOUR LAW: FENCES

BUREWET: OMHEININGS



APPLICABLE LAW

- The Constitution of the Republic of South Africa, 1996
- The Fencing Act 31 of 1963
- Common law

STRUCTURES AND ENCROACHMENT

- An owner may only build / erect structures on their own property in accordance with the municipal by-laws.
- Any person who builds or erects a structure on their neighbour's property is guilty of the offence of encroachment.
- A property owner whose neighbour has encroached on the property owner's land, may insist on the removal of the structure that was erected on their property or part thereof or apply to have the neighbour ejected from the structure, or payment of compensation.

FENCES

- The Fencing Act regulates rights and duties of property owners with reference to their boundary walls / fences in agricultural areas.
- Each neighbour is under an obligation to contribute to the upkeep and maintenance of the boundary fences.
- A neighbour may break down a shared wooden fence and replace it at their own cost with a more expensive and functional partition.
- A neighbour who has repaired a shared fence may claim half the costs of repair from a neighbor who will derive a benefit from the repaired fence.
- If the property is situated in an area where contribution to the cost of boundary fences is obligatory in terms of the Fencing Act (these areas are designated by the minister by notice in the gazette).
- A property owner who wants to erect a fence, has the right to demand a contribution towards the cost to erect a fence from property owners whose properties are on the border.
- Notice must be sent to the property owners of the intention to erect a fence, must include the type of fence, the purpose, estimated cost, contributions required. If no objections are received within a month of sending the notice, the property owner may proceed to erect the fences and claim the neighbour's contributions.

TERSAAKLIKE WETGEWING

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
- Die Onheiningwet 31 van 1963
- Gemeenereg

STRUKTURE EN INBREUK

- Waar 'n eienaar geboue/strukture op sy eie eiendom oprig, moet dit streng volgens die munisipale verordeninge geskied.
- Enige persoon wat 'n gebou of struktuur op sy/haar bure se eiendom oprig is skuldig aan die oortreding van inbreuk.
- 'n Eienaar wie se bure op die eienaar se grond strukture opgerig het mag aandring dat sodanige strukture wat op sy/haar eiendom of gedeelte daarvan aangebring is verwyder word, of die betaling van vergoeding eis.

OMHEININGS

- Die Omheiningswet reguleer die regte en pligte van eienaars met verwysing tot hul grensheinings/mure, in landbougebiede.
- Alle bure het 'n verpligting om by te dra tot die onderhoud en instandhouding van gemeenskaplike grensheinings.
- 'n Buurman of -vrou mag 'n gemeenskaplike houthaining afbreek en dit op eie koste vervang met 'n duurder en meer funksionele afskorting.
- 'n Buurman of -vrou wat 'n gemeenskaplike heining herstel het, mag die helfte van die koste eis van 'n buurman of -vrou wat voordeel sal trek uit die herstellende heining.
- Indien die eiendom geleë is in 'n gebied waar 'n bydrae tot die koste van grensheinings verpligtend is ingevolge die Omheiningswet (soos verklaar deur die minister ingevolge 'n kennisgewing in die staatskoerant).
- Het die eienaar wat 'n heining wil oprig die reg om 'n bydrae tot die koste daarvan by die eienaars wie se eiendomme langs die grens geleë is te eis.
- Moet 'n kennisgewing van die voorneme om 'n heining op te rig aan die naburige eienaars gestuur word, welke kennisgewing melding moet maak van die tipe heining, die doel daarvan, die geraamde koste en die bydrae wat vereis sal word. Indien geen besware binne 'n maand vanaf die datum van die kennisgewing ontvang word nie, mag die eienaar voortgaan met die oprigting van die heining en dan die bure se bydraes eis.

ILLEGAL HUNTING WITH THE USE OF DOGS

ONWETTIGE JAG MET BEHULP VAN HONDE

APPLICABLE LEGISLATION

- The Constitution of the Republic of South Africa, 1996
- Animals Protection Act, Act 71 of 1962
- Criminal Procedure Act 51 of 1962
- Game Theft Act, Act 105 of 1991
- Stock Theft Act 57 of 1959
- Trespass Act, Act 6 of 1959
- Wildlife Theft Act 105 of 1991

ILLEGAL HUNTING WITH THE USE OF DOGS

- Illegal dog hunting is the use of canine in the illegal hunting of game or livestock.
- Any person who injures or kills any game/livestock not belonging to them may be found guilty of malicious damage to property.
- Any person hunting with a dog must have a permit for the purposes of retrieving birds and searching for an animal wounded during a legal hunt.
- Illegal hunting often leads to the commission of various offences such as: trespassing, malicious damage to property, stock theft and theft.

WHAT TO DO

In the event you encounter illegal hunters and their dogs:

- Avoid confrontation especially if you are alone.
- If possible attempt to safely catch the dogs and hand them over to the SPCA.
- Alert the hunters that they are trespassing on your land and that you will call the Police in the event they do not either produce a permit or proceed to get off the property.
- Report any suspicious activity to the local police station with a vivid description of any details that you can recall.
- Keep the evidence at the crime scene untouched until police can record and collect the evidence.
- Place a notice informing all that it is private land and any access without the owner's permission is trespassing.

TERSAAKLIKE WETGEWING

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
- Die Dierebeskermingswet 71 van 1962
- Die Strafproseswet 51 van 1962
- Die Wet op Wilddiefstal 105 van 1991
- Die Wet op Veediefstal 57 van 1959
- Die Wet op Oortreding 6 van 1959
- Die Wet op Diefstal van Wild, Wet 105 van 1991

ONWETTIGE JAG MET BEHULP VAN HONDE

- Onwettige jag met honde behels die gebruik van honde in die jag van wild of lewende hawe.
- Enige persoon wat 'n besering toedien aan enige wild / lewende hawe wat nie aan hom of haar behoort nie kan skuldig bevind word aan kwaadwillige saakbeskadiging.
- Enige persoon wat met 'n hond jag moet 'n permit hê vir die doel om voëls op te spoor of om te soek na 'n dier wat tydens 'n wettige jagtog gekwes was.
- Onwettige jag lei dikwels tot die pleeg van verskeie misdrywe soos betreding, kwaadwillige saakbeskadiging, veediefstal en diefstal.

WAT OM TE DOEN

In die geval waar jy onwettige jagters en hul honde teëkom:

- Vermyn enige konfrontasie, veral as jy alleen is.
- Probeer indien moontlik om die honde te vang en oor te lewer aan die DBV.
- Waarsku die jagters dat hulle oortree op jou grond en dat jy die polisie sal inroep in die geval waar hulle nie 'n permit kan toon nie of nie die eiendom verlaat nie.
- Rapporteer enige verdagte aktiwiteit aan die plaaslike polisiestasie met 'n duidelike beskrywing van enige besonderhede wat jy kan onthou.
- Bewaar enige bewyse op die misdaadtoneel totdat die polisie dit kan aanteken en versamel.
- Bring 'n kennisgewing aan wat meld dat dit private grond is en dat enige toegang sonder die eienaar se toestemming geag sal word as betreding.



WHAT NOT TO DO

- Avoid shooting anyone or any dog unless you or someone you are with is in danger of being seriously harmed.
- You do not have a right to use deadly force in order to protect property and as such, the killing of a dog to protect livestock or game may result in a civil claim against you for malicious damage to property.

REMEDIES

- Lodge a criminal complaint in terms of either the Trespass Act or the Animal Protection Act.
- If the dog is caught and the owner is known, you may apply for compensation in terms of the common law of delict against the dog's owner for any loss.

WAT OM NIE TE DOEN NIE

- Moenie enige persoon of hond skiet nie tensy jy of iemand anders wat by jou is gevaar loop om ernstig beseer te word nie.
- Jy het nie die reg om dodelike geweld toe te pas ten einde eiendom te beskerm nie; dus kan die doodmaak van 'n hond om jou vee of wild te beskerm 'n siviele eis vir kwaadwillige saakbeskadiging tot gevolg hê.

REGSMIDDELE

- Lê 'n kriminele klag ingevolge óf die Wet op Oortreding óf die Dierebeskermingswet.
- Indien die hond gevang word en die eienaar bekend is, kan jy aansoek doen om vergoeding ingevolge die gemene deliktereg teen die hond se eienaar vir enige verlies wat jy gely het.

PROTECTION OF PERSONAL INFORMATION

BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING



APPLICABLE LEGISLATION

- The Constitution of the Republic of South Africa, 1996
- Protection of Personal Information Act 4 of 2013 (POPIA)

POPIA

- POPIA is fully operational as of 1 July 2021 and gives effect to the constitutional right to privacy.
- It regulates the lawful and unlawful processing, storage, destruction and dissemination of personal information.
- A "responsible party" is defined as the person who determines the purpose of and means for processing personal information of a data subject – this includes individuals and companies.
- POPIA applies to any responsible party domiciled in the Republic who processes the personal information of another ("a data subject") and which is recorded and stored in a physical or electronic filing system.
- It provides remedies any data subject may use where a breach has occurred.
- Personal information relates to a person's name, address, race, gender, sex, pregnancy, language, etc.:
 - a data subject's special information includes:
 - religious or philosophical beliefs;
 - race or ethnic group;
 - trade union membership;
 - political persuasion;
 - health or sex life;
 - biometric information; and
 - alleged criminal behavior.
- Personal and special personal information may only be processed if:
 - the data subject gives express or tacit consent;
 - it is necessary to perform in terms of a contract;
 - there are obligations imposed by law;
 - necessary for the performance of a public duty or by a public body.
- A responsible party must notify the regulator and the data subject in the event that there are reasonable grounds to believe that the personal information of the subject has been accessed or acquired by an unauthorised person.

TERSAAKLIKE WETGEWING

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
- Die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPIA)

POPIA

- POPIA is ten volle van krag sedert 1 Julie 2021 en gee uitvoering aan die grondwetlike reg tot privaatheid.
- Dit reguleer wettige en onwettige verwerking, berging, vernietiging en verspreiding van persoonlike inligting.
- 'n 'Verantwoordelike party' word omskryf as die persoon wat die doel en wyse van die verwerking van persoonlike inligting van 'n datasubjek bepaal – dit sluit individue en maatskappye in.
- POPIA is van toepassing op enige verantwoordelike party woonagtig in die Republiek wat in besit is van die persoonlike inligting van iemand anders ('n datasubjek) en wat opgeneem en geberg word in 'n fisiese of elektroniese liasseringstelsel.
- Dit maak voorsiening vir regsmiddele wat enige datasubjek kan gebruik in die geval van skending van die wet.
- Persoonlike inligting behels 'n persoon se naam, adres, ras, geslag, swangerskap, taal ens.:
 - 'n datasubjek se spesiale inligting sluit die volgende in:
 - godsdienstige of filosofiese denke;
 - ras of etniese groep;
 - vakbondlidmaatskap;
 - politieke oortuigings;
 - gesondheid of sekslewe;
 - biometriese inligting; en
 - beweerde kriminele gedrag.
- Persoonlike en spesiale inligting mag slegs verwerk word indien:
 - die datasubjek uitdruklik of stilswyend daartoe toestem;
 - dit vereis word om te voldoen aan die bepalings van 'n ooreenkoms;
 - daar verpligtinge ingevolge die wet is;
 - dit nodig is vir die uitvoering van 'n openbare plig of deur 'n openbare liggaam.
- 'n Verantwoordelike party moet die reguleerder en die datasubjek in kennis stel in die geval waar daar redelike



- A data subject may institute legal proceedings for damages for the unlawful processing and dissemination of their personal information without consent or any legal ground to do so by a responsible party (Section 99 of the Act).

REQUIREMENTS

- A company must appoint at least one information officer – responsible for the processing of personal information and privacy policy implemented within the organisation.
- Create and maintain a POPIA compliance framework with appropriate privacy policies and procedure regarding the processing of personal information.
- Develop and conduct internal awareness and training within the organisation.

EIGHT COMPLIANCE CONDITIONS

1. Accountability – the responsible party must ensure that the conditions and measures set out in the Act are complied with.
2. Processing limitation – personal information must be in a fair and lawful manner.
3. Purpose specific – personal information may only be processed for a defined specific purpose and for legitimate reason.
4. Processing limitation – personal information may not be processed for a secondary purpose unless the processing is compatible with the original purpose.
5. Quality of information – the responsible party must take reasonable steps to ensure that the personal information collected is complete, accurate and not misleading.
6. Consent and openness – the data subject must be aware and consent to the processing of their personal information and the reason for why the information is being processed.
7. Security – all personal information collected must be kept secure and protected against an unlawful access, interference, amendment, destruction and dissemination.
8. Participation – the data subject may request access to their personal information to determine the correctness of the information and any alterations that may be necessary, as well as any information that he/she may request to be deleted.

gronde bestaan om te glo dat 'n ongemagtigde persoon die persoonlike inligting van die subjek verkry het of toegang daartoe verkry het.

- 'n Datasubjek mag regstappe neem om skadevergoeding te eis vir die onwettige verwerking en verspreiding van sy/haar inligting deur 'n verantwoordelike party sonder sy/haar toestemming of enige wettige gronde daarvoor (artikel 99 van die Wet).

VEREISTES

- 'n Maatskappy moet ten minste een inligtingsbeampte aanstel wat verantwoordelik sal wees vir die verwerking van persoonlike inligting en die privaatheidsbeleid wat binne die organisasie toegepas word.
- Skep en handhaaf 'n POPIA-nakomingsraamwerk met 'n toepaslike privaatheidsbeleid en prosedures met betrekking tot die verwerking van persoonlike inligting.
- Kweek bewustheid binne die organisasie en bied opleiding aan.

AGT NAKOMINGSVEREISTES

1. Aanspreeklikheid – die verantwoordelike party moet sorg dat daar voldoen word aan die voorwaardes en maatreëls soos uiteengesit in die Wet.
2. Beperking op verwerking – persoonlike inligting moet verwerk word op 'n regverdige en wettige wyse.
3. Doel-spesifiek – persoonlike inligting mag slegs verwerk word vir 'n spesifieke doel en legitieme rede soos omskryf.
4. Beperking op verwerking – persoonlike inligting mag nie vir 'n sekondêre doel verwerk word nie tensy die verwerking versoenbaar is met die oorspronklike doel.
5. Gehalte van inligting – die verantwoordelike party moet redelike stappe neem om te verseker dat die persoonlike inligting wat versamel word volledig, akkuraat en nie-misleidend is.
6. Toestemming en openheid – die datasubjek moet bewus wees van, en toestem tot, die verwerking van hul persoonlike inligting asook die rede waarom die inligting verwerk word.
7. Sekuriteit – alle persoonlike inligting wat versamel word moet veilig bewaar word en beskerm word teen onwettige toegang, knoeiery, wysiging, vernietiging en verspreiding.
8. Deelname – die datasubjek mag vra om toegang tot hul persoonlike inligting te verkry ten einde die korrektheid daarvan te bepaal en om enige wysigings wat nodig mag wees aan te bring, asook waar hy versoek het dat enige inligting verwyder moet word.

GRAVE VISITS

IN TERMS OF THE EXTENSION OF SECURITY OF TENURE ACT

GRAFBESOEKE

INGEVOLGE DIE WET OP DIE UITBREIDING VAN VERBLYFSEKERHEID

APPLICABLE LEGISLATION

- The Constitution of the Republic of South Africa, 1996
- Extension of Security of Tenure Act 62 of 1997 (ESTA)

GRAVE VISITS IN TERMS OF THE ESTA

- Section 6(4) of the ESTA provides the following:
 - Any person shall have the right to visit and maintain his or her family graves on land which belongs to another person, subject to any reasonable condition imposed by the owner or person in charge of such land in order to safeguard life or property or to prevent the undue disruption of work on the land;
 - Maintenance of the graves will be at the cost of the family utilising the grave site and not the owner; and
 - The provisions of the ESTA do not provide specific times, thus it is up to each individual property owners reasonable discretion.

EXAMPLE OF REASONABLE GUIDELINES TO IMPOSE ON VISITATIONS

- Visitation times:
 - Weekdays - 09h00 – 16h00
 - Saturday – 09h00 – 13h00
- Rules for visitors:
 - No more than 20 people allowed per visitation period.
 - Any installation of monuments and tombstones must be done between 09h00 and 16h00 and after giving the owner at least a 48-hour notice and request for permission.
 - The owners will not be liable for any loss or damage that occurs on their premises due to any negligence or fault.
 - No ceremony slaughtering of animals on the property.
 - No excavation will be permitted without a court order.
 - No alcohol or drugs may be brought onto the premises.

TERSAAKLIKE WETGEWING

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
- Die Wet op die Uitbreiding van Verblyfsekerheid 62 van 1997 (ESTA)

GRAFBESOEKE INGEVOLGE ESTA

- Artikel 6(4) van ESTA maak voorsiening vir die volgende:
 - Enige persoon sal die reg hê om sy of haar familiegrafte wat geleë is op grond wat aan 'n ander persoon behoort te besoek, onderhewig aan enige redelike voorwaarde wat gestel word deur die eienaar of persoon in beheer van sodanige grond ten einde lewens en eiendom te beskerm of onnodige ontwrigting van werk op die grond te voorkom;
 - Instandhoudingskoste moet gedek word deur die familie wat die grafterrein gebruik en nie deur die eienaar nie; en
 - Die bepalings van ESTA maak nie voorsiening vir spesifieke tye nie, dus mag elke individuele eienaar redelike diskresie in hierdie verband uitoefen.

VOORBEELD VAN REDELIKE RIGLYNE VIR GRAFBESOEKE

- Besoektye:
 - Weeksdag - 09h00 – 16h00
 - Saterdag – 09h00 – 13h00
- Reëls vir besoekers:
 - Hoogstens 20 mense word per besoek toegelaat.
 - Indien enige monumente en grafstene aangebring word, moet dit tussen 09h00 en 16h00 geskied en wel nadat die eienaar ten minste 48 uur kennis daarvan gegee is en toestemming daarvoor verkry is.
 - Die eienaars sal nie aanspreeklik wees vir enige skade of verlies wat op hul perseel plaasvind weens nalatigheid of foute nie.
 - Geen seremoniële slagting van diere word op die eiendom toegelaat nie.
 - Geen opgraving sal toegelaat word sonder 'n hofbevel nie.
 - Geen alkohol of dwelms mag op die perseel gebring word nie.



FARM WATCH

PLAAS- WAG

APPLICABLE LEGISLATION

- The Constitution of the Republic of South Africa, 1996
- Private Security Industry Regulation Act 56 of 2001
- Firearms Control Act 60 of 2000
- Prohibition of Mercenary Activities and Regulation of Certain Activities in Country of Armed Conflict Act, No. 27 of 2006

FUNCTIONING OF A FARM WATCH ASSOCIATION (FWA)

- An FWA is not a registered entity with separate powers, legal rights or liabilities.
- It is a voluntary structure where the members retain personal liability for their own actions.
- The rights and ability of an FWA to protect its members, their families and property, is limited in terms of the abovementioned legislation and topics discussed in this document, such as private arrests, self-defense and use of force etc.
- It is advisable that the FWA be registered with the local Community Policing Forum, and must be recognised by the local SAPS (station commander).
- The FWA should preferably be established in consultation with the local SAPS to ensure proper establishment and optimal functioning. It is advisable that the CPF should be informed about the establishment of the FWA.
- The members of the FWA must take care not to contravene any laws in performing their duties, that they are properly registered (such as PSIRA registration or fire arm licenses, if applicable) and don't exceed the purpose and functions of an FWA by becoming a private army (which is prohibited in terms of Act 27 of 2006).

TERSAAKLIKE WETGEWING

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
- Wet op die Regulering van die Private Sekuriteitsbedryf 56 van 2001
- Wet op die Beheer van Vuurwapens 60 of 2000
- Wet op die Verbod op Huursoldaatbedrywighede en die Reëling van Sekere Bedrywighede in 'n Land van Gewapende Konflik 27 van 2006

FUNKSIONERING VAN 'N PLAASWAGVERENIGING (PWV)

- 'n PWV is nie 'n geregistreerde entiteit met afsonderlike bevoegdhede, wetlike regte of aanspreeklikhede nie.
- Dit is 'n vrywillige struktuur waar die lede persoonlik aanspreeklikheid aanvaar vir hul optrede.
- Die reg en vermoë van 'n PWV om sy lede, hul gesinne en eiendom te beskerm is beperk ingevolge die bepalings van bogenoemde wetgewing en die onderwerpe wat in hierdie dokument bespreek word, bv. private arrestasies, selfverdediging, die gebruik van geweld ens.
- Dit is raadsaam dat die PWV geregistreer word by die plaaslike Gemeenskap-polisiëringsforum (GPF) en erken word deur die plaaslike SAPD (stasiebevelvoerder).
- Die PWV moet verkieslik gestig word in beraadslaging met die plaaslike SAPD om die behoorlike samestelling en funksionering daarvan te verseker. Dit is ook raadsaam dat die GPF in kennis gestel word van die stigting van die PWV.
- Lede van die PWV moet sorg dat geen wette oortree word tydens die uitvoering van hul pligte nie; dat hulle behoorlik geregistreer is (bv. PSIRA-registrasie of vuurwapenlisensies, indien van toepassing); en dat die doel en funksies van 'n PWV nie oorskry word deur 'n private weermag te skep nie (dit word verbied ingevolge Wet 27 van 2006).

THE USE AND REGULATIONS OF SURVEILLANCE CAMERAS

DIE GEBRUIK EN REGULERING VAN WAARNEMINGSKAMERAS

APPLICABLE LEGISLATION

- The Constitution of the Republic of South Africa, 1996
- Protection of Personal Information Act 4 of 2013 (POPIA)

THE USE AND REGULATIONS OF SURVEILLANCE CAMERAS AND POPIA


- Currently there are no specific regulations relating to the installation and use of CCTV camera surveillance systems in South Africa.
- The most appropriate regulatory legislation is the POPIA which aims to protect data subjects from the unlawful storage and processing of their personal information.
- The most important right associated with the use of surveillance is the right to privacy, to which POPIA was enacted to protect.
- The information regulator will be tasked with creating norms and standards to which their codes of conduct must be adhered to by responsible parties operating and making use of surveillance cameras.
- In terms of POPIA, a responsible party will have to provide proof of consent to the processing, storage and dissemination of personal information of a data subject and in the absence of such consent or legal ground, the processing and storage of such personal information will be unlawful.
- Section 8 of POPIA holds public and private companies dealing with personal information accountable for the lawful storage and processing of personal information of data subjects, failure to adhere to the provisions can result in severe penalties.
- It will be permissible to capture security footage and to keep same for a reasonable period (as the circumstances may dictate), provided it serves a legitimate interest of the responsible person, is safeguarded against unlawful use and not distributed for any purpose not related to the protection of the responsible person's rights.

TERSAAKLIKE WETGEWING

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
- Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPIA)

DIE GEBRUIK EN REGULERING VAN WAARNEMINGSKAMERAS EN POPIA

- Daar is tans geen spesifieke regulasies met betrekking tot die installering en gebruik van CCTV-waarnemingskamerastelsels in Suid-Afrika nie.
- Die mees toepaslike regulatoriese wetgewing is POPIA wat ten doel het om datasubjekte te beskerm teen die onwettige berging en verwerking van hul persoonlike inligting.
- Die belangrikste reg wat verband hou met die gebruik van waarnemingskameras is die reg tot privaatheid – 'n reg wat POPIA veronderstel is om te beskerm.
- Dit sal die inligtingsreguleerder se taak wees om norms en standaarde te skep vir gedragskodes, waaraan verantwoordelike partye wat waarnemingskameras bedryf en gebruik moet voldoen.
- Ingevolge POPIA, sal 'n verantwoordelike party bewys moet lewer van toestemming wat verkry is vir die verwerking, berging en verspreiding van 'n datasubjek se persoonlike inligting. In die afwesigheid van sodanige toestemming of regsgronde, sal die verwerking en berging van sodanige persoonlike inligting onwettig wees.
- Artikel 8 van POPIA hou openbare en private maatskappye wat met persoonlike inligting handel aanspreeklik vir die wettige berging en verwerking van datasubjekte se persoonlike inligting. Versuim om te voldoen aan die bepalinge kan ernstige strafmaatreëls tot gevolg hê.
- Die opneem van sekuriteitsbeeldmateriaal en die berging daarvan vir 'n redelike tydperk (soos omstandighede vereis) is toelaatbaar, mits dit 'n legitieme belang van die verantwoordelike party dien, beveilig is teen onwettige gebruik en nie versprei word vir enige doel wat nie verband hou met die beskerming van die verantwoordelike party se regte nie.







Agri SA

Legal information document Regsinsligtingsdokument

Compiled: Centre of Excellence: Rural Safety
Saamgestel: Sentrum van Uitnemendheid: Landelike Beveiliging

